higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SA EN INTERNASIONALE REIS

NKR VLAK 4

(11011064)

3 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 addendum.

278Q1N2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of 'n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 BTW beteken *belasting op toegevoegde waarde*.

1.1.2 Die tydsoneverskil is die aantal ure wat bygevoeg moet word by (as jy weswaarts gaan) of afgetrek moet word van (as jy ooswaarts gaan) die gemiddelde tyd (UTC).

1.1.3 Om dronkerig te voel is 'n simptoom van vlugvoosheid.

1.1.4 Polio is 'n globale siekte.

1.1.5 Dekor is 'n voorbeeld van 'n steundiens wanneer 'n geleentheid aangebied word.

1.1.6 Evaluerings wat gedurende 'n geleentheid plaasvind, handel oor gehaltebeheer.

1.1.7 SATOER staan vir Suid-Afrikaanse Toerisme.

1.1.8 Museums is belanghebbendes in die toerismebedryf.

1.1.9 'n Oudit is 'n versameling bene wat vir navorsingsdoeleindes gebruik word.

1.1.10 Besprekings is voorbeelde van 'n administratiewe funksie wanneer 'n geleentheid beplan word.

(10 × 1) (10)

1.2 Verwys na die ADDENDUM (aangeheg) en beantwoord die vrae:

1.2.1 Noem die oseane wat 1 en 2 benoem is. (2)

1.2.2 Noem die kontinente wat 3–5 benoem is. (3)

1.2.3 Noem die lande wat 6–10 benoem is. (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Wanneer 'n geleentheid geadverteer word, is die belangrikste doelwit om verkope en winste te verhoog.

Noem VYF verskillende maniere waarop geleenthede geadverteer kan word.
(5 × 2) (10)

1.4

RICHTERSVELD KULTURELE EN BOTANIESE LANDSKAP, NOORD-KAAP

Die Richtersveld is een van die min plekke waar 'n mens nog 'n vreedsame wisselwerking tussen mens en natuur sien. Dit het pastorale weiding vir die lewende hawe van die Nama. Hulle is 'n inheemse gemeenskap wat seisoenaal met hul lewende hawe van die berge na die riviere trek. Hulle maak volhoubaar van die brose sukkulent-ekosisteem gebruik.

Die Richtersveld is 'n merkwaardige bergagtige woestyn wat bewoon word deur die Nama, afstammelinge van die Khoikhoi. Dit is 'n gebied van uiterste temperature, met geharde, droë landskappe. Tien jaar gelede het die histories benadeelde mense van die Richtersveld verenig, die eiendomsreg op hul tradisionele grond teruggeëis en dit is tot 'n bewaringsgebied verklaar om vir goed vir navorsing en toerisme bewaar te word. Dit bied van Suider-Afrika se beste ervarings wat staptogte, vier-by-vier-ritte, kampering en kultuur betref.

[Bronne: *https://www.firstcarrental.com* en *https://www.richtersveld-conservancy.com*]

1.4.1 Waarom is die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap tot Wêrelderfenisterrein verklaar? (2)

1.4.2 As jy as die bestuurder van die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap aangestel word, watter pligte sal jy na jou mening moet uitvoer?
(5 × 2) (10)

1.5 Dagligbesparingstyd (DBT) is die praktyk waarvolgens horlosies in die somermaande vorentoe gestel word sodat daglig langer duur, terwyl normale sonsopkomstye ingeboet word.

1.5.1 Noem TWEE lande wat dagligbesparingstyd implementeer. (2)

1.5.2 Waarom beoefen lande dagligbesparingstyd? (2 × 2) (4)

1.5.3 Beoefen Suid-Afrika dagligbesparingstyd? Skryf slegs 'Ja' of 'Nee'. (2)
[50]

VRAAG 2

2.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas deur slegs die letter (A–L) langs die nommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Aankoms- en vertreksaal van ’n lughawegebou	A	kompas
2.1.2	Toeriste volg hierdie kanaal as hulle verbode of beperkte goedere in hul besit het.	B	groen kanaal
2.1.3	Stad waarin ’n mens vir die aansluitingsvlug wag	C	transito
2.1.4	Toeriste beweeg deur hierdie kanaal as hulle niks het om te verklaar nie.	D	belanghebbendes
2.1.5	’n Punt waar jy ’n land binnekom of verlaat	E	ondervraging
2.1.6	Wanneer die duur van die vertraging tussen vlugte ’n uur tot 24 uur is	F	terminaal
2.1.7	’n Instrument wat gebruik word om rigtings aan te dui	G	kultuurerfenis
2.1.8	Beoordeling van die sukses van ’n geleentheid sodra dit afgehandel is	H	poort
2.1.9	Beskerming en bewaring van gebruike, oortuigings, kuns, en so meer	I	rooi kanaal
2.1.10	Mense of instellings wat in ’n vraagstuk belangstel	J	aansluitingstyd
		K	oorblypunt
		L	natuurerfenis

(10 × 2) (20)

2.2 Gee ’n kort beskrywing van elk van die volgende:

2.2.1 Droë klimaat

2.2.2 Lughawebelasting

2.2.3 Poolklimaat

2.2.4 Gemeenskapgebaseerde toerisme

2.2.5 Doeane

2.2.6 Grenspos

2.2.7 Verbode goedere

(7 × 2) (14)

Kopiereg voorbehou

2.3 Verwys na die ADDENDUM (aangeheg) en beantwoord die vrae:

2.3.1 Noem die land wat A benoem is. (2)

2.3.2 Gee DRIE redes waarom toeriste na hierdie land reis. (3 × 2) (6)

2.3.3 Wat is die hoofstad van hierdie land? (2)

2.3.4 Wat is die amptelike taal van hierdie land? (2)

2.3.5 Noem TWEE besienswaardighede of geleenthede wat jy met hierdie land assosieer. (2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 3

3.1 Kies EEN item uit die lys hier onder vir elk van die beskrywings genommer 3.1.1–3.1.8. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

beperkte goedere; ekotoerisme; vaksinasie; SAEHA; volksmoord; beplanning; UNESCO; bewaring; Robbeneiland; afgevaardigdes; verbode goedere

3.1.1 'n Inspuiting wat jou daarteen kan beskerm om 'n reissiekte op te doen

3.1.2 Het die gesag om 'n plek tot 'n Wêrelderfenisterrein in Suid-Afrika te verklaar

3.1.3 As jy die nodige toestemming/permit het, mag sekere goedere na Suid-Afrika ingevoer word.

3.1.4 Mense wat 'n konferensie bywoon.

3.1.5 Op hierdie stadium van die organisering van 'n geleentheid word bespreek wat gedoen moet word.

3.1.6 Die liggaam wat oor die beskerming van Suid-Afrika se kultuurerfenis toesig hou.

3.1.7 Omgewingsbewuste reis na natuurlike gebiede.

3.1.8 'n Wêrelderfenisterrein

(8 × 1) (8)

3.2 Noem DRIE verskille tussen lengteligging en breedteligging.

(3 + 3) (6)

3.3 Vlugvoosheid word soms deur reisigers ervaar.

3.3.1 Wat is vlugvoosheid? (2)

3.3.2 Noem VIER simptome van vlugvoosheid. (4)

3.4 Kultuurerfenisbestuur is die beroep en praktyk waarvolgens kultuurerfenis bestuur word. Dit maak gebruik van die praktyke van kultuurbewaring, restourasie, museumkunde, argeologie, geskiedenis en argitektuur.

3.4.1 Noem EEN nasionale erfenisorganisasie. (1)

3.4.2 Noem DRIE aktiwiteite wat jy met erfenisbestuur assosieer. (3)

3.4.3 Bespreek elk van die DRIE aktiwiteite wat in 3.4.2 genoem word wat met erfenisbestuur geassosieer word. (6)

3.5 Jou kollega is versoek om 'n 'Inligtingstabel van Reissiektes' saam te stel. Help haar om die tabel te voltooi deur die ontbrekende inligting genommer 3.5.1–3.5.5 te verstrek. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

SIEKTE	SIMPTOME	VOORSORG
3.5.1	Koors, spierpyn, geel oë en vel	Inenting
Cholera	3.5.2	Kom minimum higiënestandaarde na, bv skoon water en behoorlike sanitasie
3.5.3	Koors, hoofpyn, braking wat begin 10–15 dae nadat jy gebyt is	Neem medikasie voordat jy die gebied besoek
Ingewandskoors	Skielike aanhoudende koors, erge hoofpyn, naarheid, verlies aan eetlus	3.5.4
3.5.5	Geel oë en vel, donker urine, uiterste moegheid	Mondelinge vaksinering

(5 × 2) (10)

3.6 Kies ’n wet uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (3.6.1–3.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.6.1	Die impak op kultuurerfenis moet oorweeg word voordat die staat goedkeuring vir ontwikkeling verleen.	A	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999
3.6.2	Ondersteun die bevordering van geletterdheid en kultuur.	B	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede, 2003
3.6.3	Beskerm en bewaar Suid-Afrika se natuurlike gebiede	C	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998
3.6.4	Hou ’n nasionale register van nasionale, provinsiale en plaaslike bewaringsgebiede.		
3.6.5	Koördineer erfenisbestuur.		

(5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 Noem die volgende wêreldbekende besienswaardighede:

4.1.1



4.1.2



4.1.3



4.1.4



4.1.5



4.1.6



4.1.7



(7 × 2) (14)

4.2 Noem die volgende Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisterreine:

4.2.1 

4.2.2 

4.2.3 

(3 × 2) (6)

4.3 Identifiseer elk van die volgende kaartsimbole:

4.3.1 

4.3.2 

4.3.3 

4.3.4 

(4 × 1) (4)

4.4 Gee VIER wenke aan reisigers om die uitwerking van vlugvoosheid te voorkom of te verminder. (4 × 1) (4)

4.5 Voltooi die tabel hier onder rakende die FASES en HANDELINGE wanneer 'n geleentheid beplan word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.5.1– 4.5.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

FASE (STADIUM)	HANDELING (WAT GEDOEN WORD)
1. Visie	Besluit om 'n geleentheid aan te bied
2. Plek	(4.5.1)
3. (4.5.2)	Stel plek vas waar geleentheid gehou word
4. Beplanningsproses	Die geleentheid word beplan
5. (4.5.3)	Bepaal koste
6. Programsamestelling	Berei 'n program voor
7. Inwerkingstelling/implementering	Die geleentheid vind plaas
8. Evaluering	(4.5.4)

(4 × 2) (8)

4.6

VIËTNAM-VLOED SE STERFTESYFER STYG TOT 27, NOG REËN VOORSPEL

Met 'n lang kuslyn is Viëtnam onderhewig aan vernietigende storms en oorstromings. Hoewel tropiese storm Son Tinh tot 'n tropiese depressie verswak het teen die tyd wat dit Viëtnam verlede week bereik het, het die gietende reën erge oorstromings en grondstortings in baie dele van die noorde van Viëtnam veroorsaak. Sommige gebiede aan die buitewyke van die hoofstad Hanoi is steeds onder water. Die vloede en grondstortings het ook meer as 12 000 huise en meer as 90 000 hektaar gewasse, meestal ryslande, beskadig en oorstroom, en verkeer na verskeie dele van die noorde van Viëtnam afgesny.

[Bron: *https://reuters-article-vietnam*]

4.6.1 Wat was die oorsaak van die gelokaliseerde oorstroming? (2)

4.6.2 Bespreek VIER gevolge wat natuurrampe vir die toerismebedryf kan inhou. (4 × 2) (8)

4.6.3 Noem TWEE belanghebbendes wat by die opruiming van Viëtnam betrokke kan wees. (4)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

(11011064)

ADDENDUM



Kopiereg voorbehou